

Die monster in jou

Gen. 4:1-16; Heb. 12:24;

Inleiding

- Wat is fout met ons as mense?
 - Wat maak dat iemand 'n bejaarde sal slaan vir R30 rand?
 - dat boewe inbreek en steel?
 - dat 'n man soos Kain sy broer Abel doodslaan
 - Dat jou eie kinders dinge aanvang,
 - ten spyte van hoe jy hulle grootgemaak het?
- Na die drama wat afspeel in Genesis 1-3 oor die skepping en sondeval van Adam
 - Kom die verhaal van Kain en Abel
 - Daar is nou hierdie nuwe ding in die wêreld wat God nie geskep het nie - met die naam: *Sonde*
 - Dit het gekom om te bly en hoe maak mens daarmee?
 - Dis die vraag wat die verhaal van Kain en Abel wil help antwoord.
 - En die hoof ding wat ons leer is dat sonde 'n monster is om mee rekening te hou.
- Ons gaan veral fokus op vers 7 wat vir ons die betekenis van die hele verhaal oopsluit.

As jy nie goed doen nie [as jy sonde doen]—die sonde wag jou in daarbuite en hy wil jou in sy mag kry. Maar jy moet oor hom heers.”

- Ons leer hier veral drie dinge:
 - sonde kruip vir jou weg
 - dit wil jou vernietig
 - maar daar is hoop

Sonde kruip weg

- Die Hebreëus sê letterlik: “by jou deur lê die sonde en wag”.
 - Die woord vir ‘lê’ is dieselfde woord wat gebruik word om leeus en luiperds te beskryf wat hulle prooi bekruip.
 - As jy ’n kat het, sal jy ’n goeie idee het waarvan hier gepraat word.
 - ’n Kat kan homself mos so klein probeer maak dat jy hom nie kan raaksien nie,
 - maar hy is eintlik besig om homself oor te haal om te bespring.
- Dit is wat God vir Kain en vir ons hier wil leer oor sonde
- Jou sonde probeer altyd kleiner lyk as wat dit regtig is
 - en wil ook nie raakgesien word vir die vernietigende monster wat dit is nie.

- Dit is hoekom jou sonde nooit vir jou so groot lyk as wat dit is nie.
- Jy sê ook soms vir jou self presies hoe klein en skadeloos jou sonde eintlik is.
 - Dis nie so erg nie
 - Almal doen dit
 - Dis moeilik om anders te maak
 - Net nog hierdie een keertjie
 - More hou ek op
- Jy sien jou sonde uit die hoek van jou oog daar in die hoekie lê en dink
 - “Ek hoef nie te bekommer nie, die katjie lê darem stil”
 - Maar eintlik maak die monster net reg om te spring!
- Dit lyk ook sommer na gewone goeters van die lewe:
 - bietjie jaloesie, bietjie vies wees.
 - Niks ergs nie...
 - maar kyk hoe verskeur dit uiteindelik Kain se lewe:
 - uit jaloesie begin hy self skeef dink en pak die skuld op sy broer, en moor Hom uiteindelik
- God kom dan in genade om vir Kain te sê
 - “Pasop Kain, jy sien nie wat nou in jou wegkruip nie!
 - Jy sien nie hoe gevaarlik dit is nie”
- God sê uit liefde vir jou: “Pasop, ... jou sonde kruip weg!”

- Daardie dingetjie wat jy dink klein is en nie saak maak nie
- Dis hulle wat uiteindelik opspring en doodbyt.

Sonde wil jou vernietig

- En daarom sê God verder vir Kain: “as jy nie goed doen nie” – m.a.w. as jy sonde doen...
 - lê daardie sonde buite jou deur en wag vir jou en wil jou in sy mag kry.
- Sonde is soos ‘n vyand wat jou land inneem en beheer wil oorneem.
- Sonde is nie net iets wat jy doen..
 - en dan spoel dit verby af in die rivier om nooit weer gesien te word nie.
 - Daardie sonde wat jy doen lê uiteindelik buite die deur en wag
 - Dit gaan byt en nie laat los nie.
 - Dit klou om jou te hap, byt en verskeur.
- Bv. as jy gelieg het,
 - sal jy vind dat jy weer moet lieg
 - en sal jy uiteindelik agterkom
 - daardie leuens is ook dieselfde dinge wat besig is om jou wêreld te laat sink
- ‘n ou Onskuldige knipoog by die werk wat jou so lekker laat voel vir die oomblik

- Breek uiteindelik 'n gesin en die onskuldige wêreld van daardie kindertjies in vlarde.
- Jy verag uiteindelik ook jouself daarvoor...
- Dink so daaraan:
 - Na jy sonde gedoen het staan daai sonde op en doen jou.
 - Hy wil jou nie byt nie... hy wil jou bene kraak en jou vermorsel.
 - Hy wil nie kom kuier nie... hy wil kom vernietig.
- God sê dus uit liefde vir jou:
 - “Pasop, ...sonde kruip weg!”
 - Hy sê ook: “Pasop, sonde wil jou vernietig.”

Maar dan kom die hoop

- Jy is nie maar net uitgelewer aan hierdie monster in jou hart nie.
- Sien jy raak hoe God heelyd in genade uitreik na Kain?:
 - As Kain verkeerdelik kwaad is kom gesels God met hom daaroor... en met ons vandag
 - Kain... sien raak dat Abel nie jou vyand is nie, jou sonde monster in jou is jou vyand
 - jou probleem is nie ander mense nie – jou sondige hart is
 - As jy aanvaar dat sonde jou probleem is... is daar hoop

- – maar as jy dink Abel is die probleem gaan jy steeds net moord pleeg.
- En ons oë rek oor God se genade
 - as ons sien hoe Hy Kain selfs nog 'n kans gee om sy gemors te erken nadat Abel klaar dood is.
 - Waar is jou broer, Abel? –
 - Hy gee nog 'n kans vir Kain om met die sak patats uit te kom
- As Kain hom toe bekeer het, sou daar nog hoop wees
 - Maar die sonde monster het uit die hoekie opgespring en hom oorwin
 - “Is ek my broer se oppasser?”
- Wat antwoord God nou?
 - “Wat het jy nou gedoen!”
 - Jou broer se bloed roep uit van die grond!
 - Sien - God is vol genade maar ook regverdig en moet na Abel se bloed luister
 - dit is tyd vir die regverdig oordeel
- Maar... sê nou maar net.... wat sou gebeur het as Kain daar als erken en hom bekeer het
 - dieselfde wat God met ons doen wat ons sonde erken en bely
- God sou vir Kain 'n ander poel bloed uitwys
 - nie Abel s'n nie maar Jesus s'n.

- as Abel se bloed praat, praat Jesus s'n ook:
- In die NT boek Hebreërs 12:24 word vir gelowiges verduidelik hoe die twee poele bloed praat:
- ²⁴*[Julle staan nou...] by Jesus, die Middelaar van die nuwe verbond, en die bloed van die besprinkeling wat van beter dinge praat as die bloed van Abel.*
- *[OAV – eie vertaling]*
- Sien dit werk so:
 - Abel se bloed sê vir God:
 - “U regverdigheid vereis dat Kain moet betaal”
 - Jesus se bloed sê vir God:
 - “U regverdigheid vereis dat Griffel nie hoef te betaal nie,
 - want ek het klaar betaal,
 - en as u 'n tweede betaling van Griffel af neem is U onregverdig.”
- God se regverdigheid in ons elkeen se hoop!
 - God is baie regverdig
 - Sonder eerlikheid oor jou sonde sal God se regverdigheid teen jou tel,
 - maar deur eerlike erkenning voor Jesus sal God se regverdigheid vir jou tel
- Jesus is die hoop

- Doop
 - Ons sien in God se pad met Kain iets van die gesindheid wat God ook vra van doop ouers.
 - 'n Versigtige pad saam met jou kind om
 - die sonde te leer ken,
 - te leer vrees,
 - te leer beveg
 - en ook die pad na die bloed van Jesus uit te wys...
 - elke keer as hulle self daarvan afgedwaal het.
 - Die beste ding wat enige doop ouer vir sy kinders kan gee is nie
 - 'n studie fonds vir die toekoms
 - of die nuutste en beste speelgoed
 - Die beste is om langs hulle te loop in hulle eie stryd en hulle oë te bly dit op Jesus.

Slot

- Wat is fout met ons? ...Ons is fout met ons!
- Sonde het in Kain, in Vanderbijl en dalk in jou lewe so 'n sterk invloed omdat jy dit onderskat
 - God kom in groot omgee en verduidelik vir ons:
 - pasop... jou sonde lyk nie klein omdat dit skadeloos is nie... die monster in jou maak eintlik net reg om te spring
 - hy sal jou bene breek en vleis verteer

- ...maar daar is hoop ...want Abel se bloed is nie die enigste bloed wat praat nie...
- Moenie jou sonde onderskat nie – dit sal jou net vernietig
- Lewe in eerlikheid voor Jesus, oor jou sonde, oor jou nood aan sy betaling
- en beleef die vrede wat sy bloed klaar verseker het

Amen

Griffel van Wyk
Trinitas
27 Sept 2015
Doop